



UITNODIGING

Hiermee word jy vriendelik uitgenooi na 'n populêre lesing aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die Universiteit van die Vrystaat.

SESDE lesing in 2024: Introducing *The Cambridge History of Holocaust Literature*

Spreekster: Prof. Stuart Taberner, Departement Duits, Leeds-Universiteit

Die *Cambridge History of Holocaust Literature*, wat in 2026 gepubliseer word, bied 'n nuwe geskiedenis van Holocaust-letterkunde deur 'n dinamiese verstaan van dié tipe letterkunde se veelvuldige vlakke van werking en die wyses waarop hierdie vlakke in interkonneksie en interaksie met mekaar staan, veral oor tydvlakke, geografiese en politieke grense en tale heen. Hoofstukke in die boek verken Holocaust-letterkunde as 'n respons op die gruwels van die gebeurtenis self, as 'n gedeeltelike produk van die kontekste waarin dit geskryf word, en as 'n versameling literêre artefakte wat sirkuleer – of nie sirkuleer nie – volgens die giere van uitgewerskeuses, die politiek en praktyke van vertaling, evoluerende genre-konvensies, geopolitieke verhoudings en lesers se veranderende voorkeure.

Stuart Taberner is een van twee redakteurs van *The Cambridge History of Holocaust Literature*, saam met Erin McGlothlin. In hierdie lesing sal hy die teoretiese kompleksiteit rakende die skryf van 'n geskiedenis van Holocaust-letterkunde bespreek, die konseptuele basis van die nuwe volume – met 44 bydraers van oor die wêreld heen – uiteensit, van die boek se vernuwende aspekte (insluitende die “Holocaust in Africa”) uitstippel, en ten slotte fokus op “sirkulasie” as 'n sleutelterm vir die *Cambridge History* se heroorweging van Holocaust-letterkunde as 'n wêreldwye literêre sisteem wat oor tale en kontekste werksaam is en 'n kruising vorm met diskoerse van mag, prestige en bevoorregting.

Prof. Taberner is 'n professor aan die Departement Duits, Leeds-Universiteit. Hy is 'n navorsingsgenoot van die afdeling Duits in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV.

Die lesing word in Engels aangebied. Stel ons asseblief in kennis indien tolkdienste benodig word.

Datum: Woensdag 30 Oktober 2024

Tyd: 11:00 - 12:00

Plek: FGG201, Universiteit van die Vrystaat

RSVP: Vrydag 25 Oktober 2024, by meiringi@ufs.ac.za

*Inspiring excellence, transforming lives
through quality, impact, and care.*